'N SKOOL MET 'N VISIE VIR KINDERS MET 'N MISSIE

LAERSKOOL 1904 Swellies SWELLENDAM PRIMARY

A SCHOOL WITH A VISION FOR KIDS WITH A MISSION

Leerder naam en van: ___________________________

# AANSOEK OM TOELATING TOT LAERSKOOL SWELLENDAM

**Vir Kantoorgebruik:**

| Toelatingsdatum | CEMIS-nommer | Toegelaat tot graad | Klas |
|---|---|---|---|
| | | | |

Belangrike inligting rondom aansoeke:

- Aansoeke moet volledig voltooi en geteken word.
- Alle dokumentasie moet die aansoek vergesel.
- Maak asseblief seker dat u die korrekte kontakbesonderhede voorsien.
- Voltooi asseblief een vorm per leerder en heg die volgende afskrifte aan:

| DOKUMENTE | INGESLUIT |
|---|---|
| 'Unabridged' geboortesertifikaat, indien slegs 1 ouer, bewys van doodsertifikaat. | |
| Afskrif van immuniseringskaart. | |
| Afskrif van leerder se laaste rapport van vorige skool. | |
| Afskrifte van beide ouers/voogde se ID-dokumente. | |
| Afskrif van nuutste munisipale rekening of bewys van adres van beide ouers. | |
| Kinderhof dokumente t.o.v. pleegsorg. | |
| Indien immigrant, afskrifte van ouers visa, paspoort, verblyfpermit en leerder se studiepermit. | |

- Oorplasingsvorm van vorige skool moet met die eerste dag van bywoning ingehandig word.

Aansoeke sonder bogenoemde dokumentasie word as onvolledig beskou en <u>sal nie verwerk word totdat dit ingedien is nie.</u>

**<u>BELANGRIK:</u>**
Laerskool Swellendam is 'n Afrikaans Medium Skool en Onderwys vind in Afrikaans plaas soos bepaal in die Taalbeleid wat deur die Beheerliggaam aanvaar is in ooreenstemming met die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys; regspraak van Suid-Afrikaanse howe; die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders; die "African Charter on the Rights and Welfare of Children"; die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 van 19 Desember 1997) en die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

**Ouers neem kennis (handtekening)** ______________

## LEERDERBESONDERHEDE

| | |
|---|---|
| Van | |
| Noemnaam | |
| Volle name | |
| Geslag | |
| Geboortedatum | |
| ID | |
| Graad | |
| Geloof | |
| Huistaal | |
| Ras/Bevolkingsgroep | |
| SA Burger: Ja/Nee | |
| Toelatingsdatum | |
| Naam van vorige skool | |
| Broers of susters in hierdie skool | |
| Mediese skema (Naam en no) | |
| Huisdokter | |
| Dokter telefoonnommer | |
| Allergieë | |

## OUER/VOOG BESONDERHEDE

| | Ouer/Voog 1 | Ouer/Voog 2 |
|---|---|---|
| Verwantskap | | |
| Huwelikstatus | | |
| Titel | | |
| Volle name | | |
| Van | | |
| Selfoonnommer | | |
| E-posadres | | |
| ID | | |
| Geboortedatum | | |
| SA Burger: Ja/Nee | | |
| Beroep | | |
| Werkgewer | | |
| Werkgewer Telefoonnr | | |
| Woonadres | | |
| Posadres | | |

## SKOOLGELD

Skoolgeldrekeninge word aan beide ouers per e-pos gestuur.

## SWELLIE-NASORG

Die Swellies-nasorg is jou een-stop oplossing wat omsien na jou kind se sport, middagete, huiswerk en versorging terwyl u by die werk is. Stel u belang om gekontak te word in dié verband? (merk met X). Indien Ja sal inligting aan u per epos aangestuur word.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **JA** | | **NEE** | |

## KOSHUIS

Stel u belang in koshuisverblyf te Hoërskool Swellendam/Huis Excelsior (merk met X). Indien Ja sal inligting aan u per e-pos aangestuur word.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **JA** | | **NEE** | |

## SWELLIE-WINKEL

Doen gerus navrae by Mev R Cronje (028 514 1347). Onthou om u bestellings vroegtydig te plaas.

# OOREENKOMS TUSSEN LAERSKOOL SWELLENDAM EN DIE OUERS/WETTIGE VOOGDE

Volle name en van van vader/voog ________________________________________
Volle name en van van moeder/voog __________________________________________

Die onderstaande voorwaardes soos bepaal deur die Beheerliggaam geld vir Laerskool Swellendam.

1. Beide ouers/wettige voogde is verplig om die skoolgeld van die leerder, soos vasgestel deur die Beheerliggaam, maandeliks te betaal.

2. Let wel: Ooreenkomstig die Onderwyswetgewing, is betaling van skoolgeldbydraes by openbare skole verpligtend en deur u kind hier te laat skool gaan, aanvaar beide ouers/voogde aanspreeklikheid vir sodanige skoolgelde, ongeag wie die leerder inskryf.

3. Registrasiegeld (‘n eerste betaling) moet verkieslik direk na toelating betaal word. Dit dien as die eerste paaiement van die verpligte skoolgeld wat betaalbaar is.

4. Dit is die verantwoordelikheid van die ouer(s)/voog(de) om toe te sien dat die betaling van skoolgeld die skool voor óf op die betaaldatum bereik.

5. Skoolgelde is maandeliks vooruitbetaalbaar, oor ‘n periode van 11 maande, van Januarie tot November.

6. Indien die skool genoodsaak is om hul prokureurs opdrag te gee om skoolgeld van die ouer(s)/voog(de) in te vorder, sal sodanige ouer(s)/voog(de) aanspreeklik gehou word vir die betaling van alle prokureurs- en kliëntefooie wat spruit uit die insameling van die skoolgeld sowel as die heffing van ‘n invorderingskommissie.

7. Ouers/wettige voogde vir wie dit onmoontlik is om die skoolgeld te betaal mag aansoek doen by die Beheerliggaam van die skool om ‘n gedeeltelike of volledige vrystelling van skoolgeld. Die prosedures vir die aansoek om ‘n gedeeltelike of volledige vrystelling is op die begrotingsaand bespreek en deur die meerderheid ouers aanvaar. Die prosedure en aansoekvorms is by die skool by Mev R Cronje, op aanvraag, beskikbaar. Die sluitingsdatum vir alle nuwe leerders se aansoeke is op die laaste skooldag van Januarie. Geen vrystelling beskikbaar vir Graad R-leerders.

Hiermee vereenselwig ek my met die voorafgaande skoolbeleidbepalings en onderneem , ek die ouer/wettige voog van ___________________________(Naam en Van van leerder) om my kind te ondersteun deur die nakoming/uitvoering van die verantwoordelikhede in die verband.

Geteken te ______________________________ op hierdie ____________ (dag) van ________________ (maand) ________ (jaar).

________________________________
Handtekening: Vader/Wettige Voog
ID: _____________________________

_________________________________
Handtekening: Moeder/Wettige Voog
ID: _______________________________

# ALGEMENE VRYWARINGSVORM

Ek, die ondergetekende, ouer/wettige voog van __________________________(Volle Naam en Van van leerder) doen afstand van enige eis wat ek, enige gade of afhanklike van my mag hê teen Laerskool Swellendam of die relevante Departement van Onderwys vir enige skade of besering van welke aard ook al ek, my gade of afhanklike mag ly as gevolg van my kind se deelname aan enige sportaktiwiteit. Sodanige uitstappie, aktiwiteit of spel tydens pouse/klasverband, sal op die uitsluitlike risiko van my, my gade of kind wees. Ek staan vermelde vrywaring / afstanddoening toe op die basis dat alle uitstappies en georganiseerde sportaktiwiteite gedoen sal word onder die toesig van 'n onderwyser of ander verantwoordelike persoon goedgekeur deur Laerskool Swellendam en dat sodanige onderwyser of verantwoordelike persoon alles redelikerwys moontlik sal doen om die veiligheid van my vermelde seun/dogter te verseker.

Aldus gedoen en geteken te ____________________________ op hierdie ___________ (dag) van ________________ (maand) _______(jaar).

______________________________ ______________________________

Handtekening: Vader/Wettige Voog Handtekening: Moeder/Wettige Voog

Datum: ________________________

**Ons sien uit om jou te verwelkom as deel van ons SWELLIE-FAMILIE**